



ONTHOU JY NOG?

Vir sommige voel dit soos 'n leeftyd gelede, vir ander voel dit soos gister. Of dit nou 50, 30 of 20 jaar gelede was, almal is dit eens dat hulle hul tyd by die USB vir altyd sal onthou. MBA-alumni het van hul USB-oomblikke met **Cherice Smith** gedeel.

Die USB het in 1964 sy deure oopgemaak met 'n klein groepie MBA-studente. Dr Alwyn du Plessis, wat sy MBA in 1966 en sy DBA in 1976 verwerf het, was deel van daardie spesiale klasgroep.

“Ek is 77 jaar oud en het 50 jaar gelede die voorreg gehad om deel van die eerste dertien studente te wees wat die MBA begin het. Een het gou uitgeval en in 1965 het Johan Moolman by ons aangesluit en toe is ons weer 13,” vertel 'n afgetrede dr Du Plessis wat steeds studente met navorsingsprojekte help.

“Daar was baie hoogtepunte: Die

aanvang van die akademiese jaar in 1964 en die vooruitsig van MBA-studies deur middel van die Harvard-model. Die aanbiedings en groepbesprekings van proff Jan van der Meulen en Helgaard Muller. Die kameraadskap wat tussen die studente opgebou is. Die feit dat prof Willie Hamman later my promotor vir my doktoraal geword het – dit was wonderlik om saam met Willie, wat eens op 'n tyd my MBA-klasmaat was, te werk. Die grootste oomblik was seker die gradeplegtigheid in Maart 1966 toe daar finaal erkenning gegee is aan die nagte en naweke se harde werk.”

Ian Becker, wat in 1978 gegradueer het en nou as senior vennoot by die

mega-internetwinkel PRIDE en ClubAIR in Amerika betrokke is, onthou 'n spesifieke klas in sy eerste week as MBA-student goed.

“'n Paar studente was tydens die Kommunikasieklass, gelei deur prof Arminius Archer, besig om voorstelle op die swartbord te skryf. Die ander studente het onsamehangend idees uitgeroep. Dit was chaos. Dave Overturff het die palm van sy hand op die lessenaar geslaan, regop gestaan en beveel: ‘Een persoon. Een antwoord. Een op 'n slag.’ Ek het later uitgevind hy was 'n afgetrede kolonel van Amerika se Marines wat noord van Wellington geboer het ...”

◀ Die USB is in die 1970's tydelik in 'n opslaangebou agter die Karl Bremer-hospitaal in Bellville gehuisves. Die gebou is gedeel met onder meer bobbejane, konyne en rotte wat vir eksperimentele doeleindes vir die hospitaal aangehou is. Hierdie Honiball-skets is deur 'n Modulêre MBA-groep van 1989 aan die USB geskenk.



'n Engelsprekende Becker sê een van die grootste lesse uit sy tyd by die USB was om Afrikaans (destyds verpligtend!) aan te leer.

“Een van my gunsteling-uitdrukings is deur 'n klasmaat, Monroe Dysel, begin, naamlik: ‘Dis juis die punt’. En ek onthou Fred Watermeyr se tereg wysings: ‘Dis nooit 'n finansiële probleem nie – dit is altyd 'n bemerkingsgeleentheid.’”

Susan le Roux, wat in 1989 gegradueer het en tans 'n sakeleier by Discovery is, se gunstelingvak was Finansies, aangebied deur prof Hamman.

“Hy was streng. Ons het elke dag 'n toets geskryf en moes weet wat daagliks op die finansiële front aangaan. Dit het sy vak interessant gemaak.”

Prof Hamman, wat sy eerste klas as USB-dosent in 1972 gegee het en in 2002 ná 30 jaar by die USB afgetree het, is steeds as studieleier by studente betrokke. Hy vertel sy beste oomblikke by die USB was ongetwyfeld die ekstra klasse in Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur wat hy op Saterdagmiddae aangebied het.

“Die studente wat wou kom, het gekom. Met dié klasse kon 'n mens agterkom wat jy in die week verkeerd gedoen het. Ek het twee of drie keer vroe gekry wat my laat teruggaan het na my notas. Ek kon goed ontwikkel as gevolg van die vroe wat uit daardie klasse gekom het,” vertel hy.

Willemien Law, wat in 1982 gegradueer het en tans direkteur van oopprogramme by USB Bestuursontwikkeling is, vertel dat prof Hamman se klasse – in die tyd toe sakrekenaars net bekendgestel is – haar altyd sal bybly.

“Prof Hamman het syfers op die bord geskryf en dit in sy kop opgetel. Daarna het hy op sy sakrekenaar seker gemaak of die antwoorde ooreenstem en gesê: ‘Haai, die ding is nogal reg.’”

Law onthou ook die gebou waarin hulle in die vroeë 1980's klas geloop het.

“Daar is geen vergelyking tussen die destydse fasiliteite en vandag nie. Ons het toe in 'n opslaan-gebou agter die Karl Bremer-hospitaal in Bellville gesit. Ons het die gebou gedeel met die bobbejane en

rotte waarop hulle by die hospitaal navorsing gedoen het. Maar ons het darem toe al 'n Brouery gehad wat ná toetse tot die beskikking van studente was – waar studente van hul spanning ontlai het.”

Lynette Stassen, wat in 1993 gegradueer het, onthou haar modulêre groep: “Die klas is in groepe ingedeel wat moes saam werk. Destyds was die meerderheid studente mans. Die groepleierposisie is natuurlik gesog en ek was heel verbaas toe ek as leier gekies is – totdat ek besef het dat die manne slimmer as ek was, want jou werkslading is net soveel erger as jy nog die verantwoordelikheid van jou groep ook moet dra.”

Susan le Roux sê daar was in die voltydse klas ook min vroue: “Daar was slegs vier vroue en omtrent 24 mans. So halfpad deur die jaar het twee van die klasmaats verlief geraak en die volgende jaar is hulle getroud. Helene en Werner van Rhyne is vandag nog getroud. Omtrent ons hele klas was by die troue – ook proff Hamman en Archer.”

Prof René Pellissier, wat in 1995 gegradueer het en nou professor van Navorsing en Innovasie by Unisa se Nagraadse Skool van Sakeleierskap is, was ook klasleier van haar jaar se deeltydse groep.

“Ons het vier aande per week tot laat in die aand klas gehad en daarna het ons aan ons projekte gewerk. Deeltydse studente het nie veel van 'n lewe nie. Dit is werkhok en huishok. En dis al. Ons het net asem gehaal. Maar op Vrydagaande was die kuierplek op kampus – die Winery – oop en ons kon by mekaar kla en neerkyk op die voltydse studente wat, volgens ons, so 'n lekker lewe gehad het.

“Om op te maak vir ons sosiale gebreke, het ons 'n party animal in die klas aangestel en hy of sy was verantwoordelik om ons gelukkig te hou. Dit het baie gehelp en ons kon ten minste op Vrydagaande saam pizza eet terwyl ons gekla het. Ons het ook as 'n groep heelwat naweke op Struisbaai deurgebring. Op hierdie manier het ons egskeidings, kinders, take en dood saam ervaar. Ons klas was een groep in verdrukking.”

Prof Pellissier sê die heel laaste klas in Inligtingsbestuur, en die wete dat sy vir haar nuwe familie moet totsiens sê, was baie hartseer.

“Hulle het so deel geraak van my lewe dat ek my amper nie sonder hulle kon voorstel nie. Maar die vriendskappe hou nou nog en ek is trots daarop.”

Ten slotte sê Becker: “Ek het geleer. Ek het uitgeblyk. Ek het lewenslange vriende gemaak. Ek het die USB se standaard aangeneem. Die MBA het vir my meer gegee as wat ek ooit kon droom.”

En dit word wyd en syd beaam. **a**



WAT HET JY VAN JOU MBA GELEER WAT JY VANDAG STEEDS GEBRUIK?

Prof René Pellissier: Om Hunters te drink. Nee, ernstig – ek het geleer dat baie oplossings moontlik is en dat almal kan werk. Hoe dit gaan werk, lê in die toepassing daarvan.

Susan Le Roux: Hoe om 'n balansstaat te lees, wat op die aandelebeurs en in die finansiële wêreld aangaan en hoe om strategies te dink.

Willemien Law: Ek gebruik vandag nog die finansiële kennis wat ek opgedoen het.

Lynette Stassen: Twintig jaar nadat ek my MBA verwerf het, staan hierdie vier lesse steeds uit: Verstaan die konsep, daarna kom die konteks; fokus op die doel en glo in jouself; respekteer, geniet en leer by jou medestudente; en jou ingesteldheid bepaal jou sukses.